JAMES WALTON
*Double-storeyed flat-roofed buildings of the rural Cape*
Cape Town: Saayman & Weber
1993
113 pp. Sagteband
R62,70
ISBN 0-7971-0043-1

Soekende na die ontwikkelde, die samevattende en idealiseerd volmaakte beeld, kyk die meeste mense (selfs dié wat hulle voltyds met "kultuur" besig hou) meestal verby die gewoon eenvoudige artifakte van die verlede en hede; daardie objekte wat meestal die ware konteks vir die enige stel.

Terwyl uitsonderlike en histories verlangde bouwerk met groot sorg onderhou en selfs wetlik beskerm word, ondergaan die alledaagse gedurige aanpassing om by veranderende omstandighede van funksie en tydsbeeld in te skakel. En mettertyd word die tydbelaaide toevallige oorblyfsels van die gewone die unieke, maar, dit benodig iemand om hulle raak te sien en uit te wys.

In die dissipline van argitektuur is hierdie persone dun gesaai in Suid-Afrika: Franco Frescura en Albrecht Herholdt in Port Elizabeth, die Japhas en Martiens van Bart in Kaapstad, Jan Visser in Bloemfontein, Walter Peters in Durban, Denis Radford in Johannesburg, 'n klompie in Pretoria. Omtrent almal is aan argitektuurskole verbonde en hulle

studies maak deel uit van die taak om jong argitekte op te lei, want, sedert die jare sestig is die voorheen miskende bouwerke van anonieme outeurs binne die dissipline van argitektuur gewettig. Voor hierdie klein groep die veld betree het, was die belangstelling in die plaaslike vernacular, uitgesluit die meestal oorbeligte en oorrestoureerde Kaaps-Hollandse, feitlik eksklusief te danke aan die deurlopende pionierswerk van James Walton, 'n betrokkenheid wat oor verskeie dekades strek en met sy nuutste werk verbreed word.

Die direkte eenvoud van die inhoud van die boek word ge-eggo in die voorkoms van 'n netjies publiseerde slapband sonder die gewoonlik oordrewe en blomryke flapteks wat in elk geval vir Walton óf die onderwerp oorbodig sou wees. Die beknopte voorrede en inleiding deur die outeur is op die punt af, soos ook die titel wat die inhoud bondig opsom. Hy bespreek en illustreer geboue en gebougroepe van veral die Suidwes-Kaap, maar maak ook 'n draai in die Klein Karoo en sover noord as die Koloniale grens teen die Oranjerivier.

James Walton kyk én sien. En wat hy aanteken lyk vanselfsprekend — maar eers nadat hy dit gedoen het. Hier vat hy wyd. Die reis en beskrywing reik sover suid as Daljosaphat, maar begin en eindig in Colesberg en distrik. Dit is hier waar mens verruk staan voor die direkte, maar tot nog toe onbesonge, skoonheid van 'n Hebron en die dapper bereiking waarvan dit selfs in 'n verwaarloosde toestand getuienis dra. Terselfdertyd en sonder morele oordeel lê hy, in die verhaal van wat langs Bellstraat in die dorp tot niet laat gaan is, die onkunde en nalatigheid bloot om dit wat ons wel het, te koester. Volgens Walton was dié straat (in 1956) een van die mooiste en interessantste in die land. Beskrywing, foto's en sketse bevestig hierdie oordeel.

Langs die straat het een gebou en die rekord van die outeur oorgebly; 'n waarskuwing en rigter vir ander plekke met erfenisse wat ongesiens bly staan of gesiens vergaan.

Tussen Hebron en Bellstraat word ongeveer veertig ander plekke bespreek deur middel van kort beskrywings van hulle voorkoms en dokumentêre geskiedenisse. Hulle is in drie los kategorieë saamgebind: huise wat uit bestaande eenverdieping geboue ontwikkel het, plaashuise en dorpshuise. Hier en daar knoop kruisverwysings ooreenkomste en verskille — so word die werk en invloed van Alexander Floris Kriel in die Robertsongebied uitgelig (pp. 28-38) of Derdeheuvel 1 ligweg met Schoone Oordt in Swellendam vergelyk (p. 70).

Konsepte wissel vanaf die streng neo-klassieke gesig van De Wethuis in Tulbach tot die ongekunstelde simmetrie van 'n huis in Zuurbraak (pp. 76-7). De Wethuis word, soos die ewe formele Uitkyk (pp. 21-5), aan Thibault toegeskryf. Terwyl daar geen bewyslewering vir hierdie aanspraak is nie, is die strewe van die eerste formeel opgeleide argitek aan die Kaap duidelik in minstens die fasades: stereometriese gestrengdheid, geometriese samehang en vermyding van die plastiese. Wat ookal Thibault se invloed of bydrae kan wees — uit feitlik alle voorbeelde is die tydstrewes duidelik en staan die meer eenvoudige voorbeelde in Montagu, Barrydale en Swellendam nie terug vir die werk van opgeleide meesters nie. Dit is juis die poging tot beginsel, ten spyte van plaaslike realiteit en probleem, wat dwarsdeur tref en as 'n kontinue tema in Walton se keuses beskou kan word. Daar is 'n deurlopende worsteling om voorfasades in simmetrie te dwing en, waar latere aanbouings uit noodsaak gemaak is, daarvoor te kompenseer op velerlei oorspronklike en wyse wyses, minstens wat die artikuleerde borswering betref.

Die mees uitsonderlike voorbeeld moet sekerlik Klipbanksfontein in Carnarvon (p. 47) wees. Hier word 'n slegte probleem deur boereverneukery tot groot kuns omskep.

Kritiek is daar wel. Sommige foto's is nie skerp definieerd nie en die kleurfoto van Kruyspad op die binneskutblad is teleurstellend. Soos Barrie Biermann het James Walton allengs — vanaf 1952 met *Homestead and villages of South Africa* tot so onlangs as 1989 met *Old Cape farmsteads* — 'n eie en kragtige tekenwyse ontwikkel om die kwaliteit van die vernacular vas te vang, 'n kwaliteit waaraan nie altyd deur lynregte tekenbordtegnieke reg geskied kan laat word nie. Hierdie veelseggende sketse word gemis in die werk waar die planne en aansigte nie van die bekende, en nou reeds verwagte, gehalte in die werk van die outeur is nie.

'n Tweede gebrek is dat daar nie 'n poging aangewend word om plekke in historiese of fisiese konteks te plaas nie. 'n Leser bly gevolglik onseker oor die verspreidheid van die gekose tiplogie asook die verband met die onmiddellike en wyer omgewing. Terreinplanne sou hier van waarde gewees het. Prof. Dieter Holm wys in die voorwoord tereg daarop dat die mikpunt vandag nie slegs die preservering van alleenstaande geboue van uitsonderlike meriete is nie, maar ook die kwaliteit van 'n geheel. Die publikasie bly dus 'n (goeie) katalogus van sommige voorbeelde.

Dit klaar gesê, moet daarop gewys word dat hierdie kritiek gelees word teen Walton se eie vroeëre pogings. Hy bly self die maatstaf en daar is geen twyfel oor die belang van hierdie studie in afgeskeepte veld nie. Tussen die lyne waarsku Walton dat die erfenis verdwyn, dat die veld vir ondersoeke groot en braak lê, dat die tyd (veral op die platteland?) uitloop en dat daar nie mense is wat sy werk met dieselfde toegewydheid en doelgerigtheid voortsit nie.

Dit bly veral 'n waarskuwing en uitnodiging aan die inwoners en plaaslike owerhede van kleiner dorpe en omgewings om die rykdom om hulle raak te sien, te erken en te verhef. *Double-storeyed, flat-roofed buildings of the rural Cape* hoort in die biblioteek van elke klein dorp in die land; in die motor kan dit die ingeligte roetekaart wees vir 'n genotvolle kronkeltog tussen Colesberg en Kaapstad.

SCHALK LE ROUX
*Universiteit van Pretoria*